OB6'10
11 Februarie 2010

Geagte Ouers

BELANGRIKE INLIGTING:

1. <u>Atletiekbyeenkoms ("Greater Lesedi)</u>

Eerskomende **Vrydag 12 Februarie 2010(môre)** vind die "Greater Lesedi" byeenkoms te **Hoër Volkskool** se bane plaas. Inligting betreffende die byeenkoms:

- Heidelberg Public bied die byeenkoms aan.
- Begin stiptelik om 09:00 en behoort om ±14:00 afgehandel te wees.
- Beamptes (onderwysers) moet reeds 08:00 aanmeld.
- Atlete moet om 08:00 by Hoër Volkskool se bane aanmeld
  - Ouers kan atlete direk na Hoër Volkskool neem, dit is nie nodig dat hulle eers by Laerskool A.G. Visser aanmeld nie.
  - Waar dit <u>werklik</u> vir ouers nie moontlik is om atlete na Hoër Volkskool te neem nie, moet hulle <u>normale skooltyd</u> (07:30) by Laerskool A.G.Visser aanmeld waar hulle dan om 07:45 na Hoër Volkskool vervoer sal word.
  - Ouers moet **<u>duidelike reëlings</u>** met leerders **<u>kommunikeer</u>** waar u hulle na afhandeling van die byeenkoms sal afhaal – verkieslik by **Hoër Volkskool.**
    Leerders wat <u>werklik</u> nie afgehaal kan word nie word teruggeneem na Laerskool A.G. Visser waar hulle dan deur ouers afgehaal moet word.
- Atlete trek hulle atletiekdrag aan. Ouers moet asseblief toesien dat atlete **reggeklee** is en **netjies** vertoon.
- Atlete neem stelling in by die plek wat vir ons skool gereserveer is – geen atleet sit op 'n ander plek nie, ouers is welkom om by atlete te sit. **<u>Onthou</u>** sonbrandmiddels.
- Toegang is R5-00. Atlete en toeskouers met skooldrag is gratis.
- Indien byeenkoms sou uitreën sal die alternatiewe datum verskaf word.

** Ons versoek ouers om nie op die bane te wees wanneer u kind deelneem nie en/of langs die baan saam met hulle hardloop nie. Atlete sal sonder twyfel gediskwalifiseer word.

<u>Onderrigprogram</u>

As gevolg van bogenoemde tye en te veel personeellede wat as beamptes moet optree, verskaf ons die volgende inligting:

- Dit is 'n gewone skooldag – die skool is dus oop.
- Die <u>sewe</u> personeellede wat agterbly sal alleenlik <u>toesig</u> oor teenwoordige leerders kan hou. Die <u>formele onderrigprogram</u> sal dus nie kan plaasvind nie.
- Indien dit die oggend sou reën sal normale onderrig voortgaan.

Met genoemde inligting in gedagte gehou moet ouers **<u>eie diskresie</u>** gebruik betreffende u kind se omstandighede. Ouers wat nie 'n **<u>alternatiewe reëling</u>** met hul kind(ers) kan tref nie, stuur hom/haar steeds skooltoe - hulle sal onder behoorlike toesig wees. Die skool sluit die dag normale tye nl.
12:30 vir Gr.1 en 2
13:00 vir Gr.3 – 7.

2. **<u>"Camels by Candle light"</u>**

Op **Saterdag 6 Maart 2010 – om 19:00** tree ***ELIZMA THERON*** by Laerskool A.G. Visser op.
Kaartjies is by die kantoor (Annatjie) beskikbaar.

<u>Kaartjie pryse:</u>

- Beloop R50 per sitplek.
- Kinders wat nie sit nie – R20 per kind
- Kinders 2 jaar en jonger is gratis.

Die hekke open reeds om 17:00 en kaartjies sal die aand van optrede ook by die hekke te koop aangebied word.

<u>Parkering met sekuriteit – binne en buite die skool:</u>

- **by die naskoolsentrum – ingang in Breëstraat**
- **strate om Laerskool A.G. Visser.**

<u>Verversings:</u>

Snoepie is oop en ander verversings sal te koop aangebied word. Bring jou eie braaipakkies, braaigereedskap, eetgerei, ens. saam en kom braai en kuier lekker. Braaivleisvure verskaf deur die skool sal vanaf 17:00 beskikbaar wees, asook na die vertoning.

Kaartjie verkope is uitstekend! Skaf dus jou kaartjie so gou as moontlik aan, om teleurstelling te voorkom.

Vissiegroete.

_____
J.S. Roothman
Prinsipaal